SA BOERPERD TELERESGENOOTSKAP

# VERSLAE VAN RAADSLEDE 2022-2023

**FINANSIËLE VERSLAG – JAN JOUBERT**

Die Finansiële verslag word tydens die AJV, 14 Oktober 2023, gelewer.
State kan per e-pos aangevra word.

**BORGE – GERHARD J V RENSBURG**

Die borgskappe van AgriSeker (hoofborg), sowel as OVK is deur Mnr G J v Rensburg ge-in.

Die volgende borge is deur die kantoor ge-in: Unistel Medical Laboratories; Olga Sfigakis; Spar – Artemis Martin; Campher Kevin Smith; George Nefdt; SW Esterhuizen; Theo Ferreira; ABSA – Gerhard le Roux; Pionier Refractory Precasting (Pty)Ltd.
(Finansiële details van borgskappe word in die finansiële Jaarverslag bespreek).

Die verkryging van borge word al hoe moeiliker a.g.v. die moeilike ekonomiese omstandighede en die min blootstelling wat borge by skoue kry.

**NASIONALE KAMPIOENSKAPPE – MICHIEL BURGER**

Die 50 jarige skou was 'n hoogtepunt van die feesjaar. Daar het 179 perde uit 46 stoete deelgeneem en daar was altesaam 751 inskrywings. Die Universele beoordelaar was Gregory Goss en die Tradisionele beoordelaars was Sue Carter, De Wet Human en Jakkie Erasmus. Felicia Desmore het die skouspring hanteer en Thalia Offerman die dresseer.

Vir die eerste keer is die Universele- en Tradisionele klasse op aparte dae geskou. Die koste was wel minder maar die samesyn van die genootskap se mense het skade gelei.

Die Gelibar stoet van Daan Viljoen, Hanzel stoet van Hannes Hattingh en Rooigras van Jan Joubert het die verskillende bekers vir die beste stoete op die skou gewen. Frikkie Combrink het die trofee as beste vertoner gewen.

Saterdagaand is die skou afgesluit met n dinee – daar was 230 gaste. Baie ou telers en vriende het die halfeeu fees bygewoon. 'n Spesiale woord van dank aan al ons borge wat die skou en dinee n groot geleentheid gemaak het. Met behulp van borge, kon die onthaal gratis bygewoon word en net 'n besprekingsfooi van R100 per persoon is gevra. 'n Groot dank aan MJ Odendaal wat die wyn vir die aan geborg het.

Daar is 'n professionele bemarkingsmaatskappy, RAIN marketing, aangestel om vanaf Meimaand die bemarking op sosiale media te hanteer. Twee-weeklikse beplanningsvergaderings, sowel as e-pos en telefoniese besprekings vorm ook deel daarvan.

**KEURING – FRIKKIE COMBRINK**

Keurdersvergadering het plaasgevind op 21 April 2023.
Sentrale Hingskeuring, Standerton, 22 April 2023
Daar was 36 aansoeke vir hingskeuring, waarvan 27 opgedaag het vir keuring

Daar was 137 aansoeke vir merrie- / reun keurings.
Die perde is voor keuring gebring in 6 keuringstoere. In totaal is 7870km gereis.
29 stoete het keuring ontvang.

**OPLEIDING EN KURSUSSE – HANNES HATTINGH**

Die jaarlikse praktiese opleidingskursus het plaasgevind by Doorndraai Friesperd stoet. Daar was 12 kursusgangers. Felicia Desmore het haar praktiese beoordelaars-eksamen daar afgelê en geslaag. Daar is beplan om die kandidaat-beoordelaars die geleentheid te gee om hulle Hi-low eksamen tydens die Vrystaat Streekkampioenskappe (Senekal) te kon aflê, maar daar was te min perde. Die skou het egter voortgegaan.
Hugh Wessels en sy vrou is tans besig om opleiding te ontvang as hekwagte.

**SKOUE – BRUWER BURGER**

**Wes-Kaap Streekskou**
Daar is geen verslag van hulle onvang nie.
**Horse of the Year**
HOY by KEP wat in Februarie plaasgevind het, was hierdie jaar ‘n groot sukses. Die SA Boerperde was die grootste perderas wat aan die skou deelgeneem het, met ‘n totaal van 19 perde. Kirsten Kelynack was die beoordelaar. Carel-Hancke Roebyn en Paardekop Voorspoed het onderskeidelik die *Supreme Champion Breed Stallion* en *Supreme Champion Breed Ridden* klasse gewen. Dit is 'n groot prestasie.
**Vrystaat Streekskou**
Vrystaat Streekskou het plaasgevind vanaf 30 Maart – 1 April 2023 te Senekal.
Daar was ‘n totaal van 58 perde wat deelgeneem het, waarvan 26 SA Boerperde was.
**Gaulanga Skou**
Hierdie skou wat gehou is by Wetnose in Cullinan, is aangebied deur die Gauteng SA Boerperd Klub en die Hoëveld klub Daar was ‘n totaal van 50 SA Boerperde, waarvan 14 Tradisioneel en 36 Universeel vir 192 klasse ingeskryf was. Daar was 24 ander ras perde wat in klasse wat vir hulle geskep was, deelgeneem het. Mnr. Jan Joubert was die beoordelaar en het hom uitstekend van sy taak gekwyt. Daar word beplan om weer in 2024 die skou by dieselfde venue te hou aangesien die eienaars baie moeite gedoen het en ook belowe het om nog verbeterings aan te bring.
Die Spitbraai was 'n reuse sukses en daar was amper te min kos vir almal wat kom ondersteun het!

**REËLS & REGULASIES; PUBLIKASIES – PETRO GROVÉ**

**Stêrhings-Veiling**
Die Stêrhings-veiling op 16 Junie 2023 was weereens ‘n groot sukses. Soos gewoonlik was daar baie belangstelling op die sosiale media. Daar was 29 hingste. Die opbrengs van die veiling sal in prysgeld uitbetaal word tydens die Stêrvul klas, 2025.

**Equine SA**
Daar is weereens vir alle SA Boerperde die geleentheid geskep om gratis op Equine SA te kon adverteer.
**HQ publikasies**
Artikel oor die rol van die SA Boerperd by Horse of the Year;
Artikel oor die 50ste bestaansjaar van die SA Boerperd.
**Landbou Weekblad en Farmers Weekly**
Artikel van Moolmanshoek;
Artikel oor die Stêrvul-kompetisie, spesifiek oor Liezelle Whitehead se stêrvullens wat al vier keer gewen het.
**Webblad is op datum** – www.saboerperd.com.
**50 jaar Gedenkboek**
Die 50 jaar gedenkboek is voltooi en beskikbaar. Die boek bestaan uit 230 bladsye wat Navorsing, Stoetstories en ander interessante artikels insluit. Dit was 'n voorreg om met almal se spesiale stoetstories te kon werk. Baie dankie aan die bydraers.
**50 jaar Memoribilia.**
Die 50 jaar lapelwapens was baie gewild en ons het weer daarvan bestel. Elize Prinsloo het ook glase en ander aandenkings tydens die Nasionale Kampioenskappe te koop aangebied. Ons klereverskaffer, XCO, het ons egter lelik in die streek gelaat. Dankie aan Felicia Desmore wat so geduldig met hulle geskakel en onderhandel het.
**RAIN Marketing** is aangestel om sosiale media te bestuur (FACEBOOK: SA Boerperd Telersgenootskap). Hulle hanteer oor die e-pos nuusbrief. Die facebook-blad SA BOERPERD AMBASSADORS is ook nog in gebruik.
**Reëls en Regulasies**
Die Keuringsdokument is beter geskryf, maar sonder om aan die inhoud te verander.

**NUWE LEDE: JANNIE JACOBSZ**
**Nuwe lede:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. | Kalkoenkrans Stoet | : | Mnr, AJ Venter; Faerie Glen;Pretoria; |
| 2. | Bivane Vallei Stoet | : | Me. R.H. Bezuidenhout & Me. L. Venter; Plaaspaulpietersburg; |
| 3. | Soetveld stoet | : | Mr. K.J.V. Smith; Eastrand; |
| 4. | Falree stoet | : | Mnr. R. Olivier, Meyerton; |
| 5. | No-Fear Stoet | : | Mnr. J.A.C. Erasmus; Cedarville; |
| 6. | Le Clue stoet | : | Miss. M. Coetzee; Mossel Bay; |
| 7. | Norris Stud | : | Dr. D.D. Lightley & Mr. G.J.C. Erasmus;Bothaville; |
| 8. | De Adelaar Stoet | : | Mnr. P.J. Kruger Rayton. |

**Bedankings:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. | Seepsteen stoet | : | Me Kritzinger |
| 2. | MHS stoet | : | Mnr P.T.P Retzlaff; |
| 3. | Nikka Stoet | : | Nicolene Du Toit; |
| 4. | Louwvliet stoet | : | Ds. S. Louw; |
| 5. | Sianda Stoet | : | Sias Horn; |
| 6. | Woestynland stoet | : | Ockert Grové. |

**BORGE EN FEES – NIC JOOSTE**
RAIN MARKETING is aangestel om sosiale media te bestuur. Beplanning word elke twee weke met hulle gehou. As komiteelid vir die bestuur hiervan, is daar gereeld insette gelewer in die verband.